AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

BA (KOMMUNIKASIE EN JOERNALISTIEK)

NKR-VLAK 7	400 KREDIETE	SAKO-NOMMER: 112543	ONDERRIGLEERMODEL: Voltydse kontakmodel

WAT BEHELS HIERDIE KWALIFIKASIE?

Die BA (Kommunikasie en Joernalistiek)-graad is ń gespesialiseerde kwalifikasie wat studente toerus met die teoretiese kennis en praktiese vaardighede om suksesvolle loopbane in die joernalistiek- en kommunikasiebedryf te volg. Studente word toegerus en uitgedaag om besluite te neem, krities oor sake te dink en vinnig aan te pas in ‘n dinamiese professionele omgewing wat teen ‘n snelle tempo verander. Die doel van die program is om studente in staat te stel om as multimediajoernaliste en kundige kommunikasiepraktisyns te funksioneer. Gedurende die drie jaar word studente blootgestel aan onder meer strategiese, organisasie- en bemarkingskommunikasie binne korporatiewe en niewinsgewende omgewings. Studente verken ook die medialandskap in Suid-Afrika, en die veranderende en uitdagende rol van joernalistiek. Daar word klem gelê op praktiese en navorsingsvaardighede soos digitale, visuele en mediageletterdheid, skryf- en redigeervaardighede, asook die ontwerp van drukmedia en webblaaie. Na afloop van die drie jaar sal studente ‘n verskeidenheid kommunikasiefunksies in ‘n organisasie kan bestuur, insluitende interne kommunikasie, krisiskommunikasie, bemarking, mediaskakeling, en webblaaie en sosialemediaplatforms. Studente sal ook in die media- en uitgewersbedryf kan werk as inhoudskeppers, teksredakteurs, bladuitlegkunstenaars of joernaliste.

WATTER MODULES MOET EK VOLTOOI?

EERSTEJAARMODULES

Kommunikasiebestuur 1	Joernalistiek 1	Skryf en Redigeer vir die Media 1
Akademiese Geletterdheid	Korporatiewe Media 1	

Keusemodules (Studente kies een)

Filosofie 1	Kuns van Argumentering	Ekonomie 1
Politiek 1	Etiek	Internasionale Politiek 1

TWEEDEJAARMODULES

Kommunikasiebestuur 2	Joernalistiek 2	Skryf en Redigeer vir die Media 2	Korporatiewe Media 2
Politieke en Regeringskommunikasie		Media en Kommunikasie: Beleid, Wetgewing en Etiek	

DERDEJAARMODULES

Kommunikasiebestuur 3	Joernalistiek 3	Korporatiewe Media 3	Navorsingsmetodologie

WAT IS DIE TOELATINGSVEREISTE?

- *Graadtoelating met Afrikaans (50%)*
- *Buitekurrikulêre aktiwiteite soos deelname aan redenaars, betrokkenheid by skoolkoerant en dies meer sal by keuring in die voornemende student se guns tel.*

HOE LANK NEEM DIT OM HIERDIE KWALIFIKASIE TE VOLTOOI?

Die program kan in ‘n minimum tydsduur van drie jaar voltooi word. Die maksimum toelaatbare tyd vir voltooiing is sewe jaar.

PROGRAMKOSTE VIR 2022: **Vanaf R52 200** *(jaar een)*

AANSOEKE VIR STUDIE IN 2022 IS REEDS OOP. *Klik hier vir meer inligting*

www.akademia.ac.za | *086 122 2888*

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997 Registrasienommer: 2011/HE08/005.